# DIE KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING VAN SUIDWES-AFRIKA, 1919 - 1926.

deur G.J.J. OOSTHUIZEN

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van die vereiste vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: Prof. P.F. van der Schyff

WINDHOEK
Junie 1985.

INHOUD

BLADSY


VOORWOORD i

LYS VAN FOTO'S EN ILLUSTRASIES iv

1. DIE KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING VAN SUIDWES-AFRIKA VOOR 1920 1

1.1 Suidwes-Afrika onder Duitse bestuur, 1884 - 1914 1

1.2 Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, 1915 - 1920 6

2. SUIDWES-AFRIKA WORD 'n MANDAAT VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA, 1919 23

2.1 Die Vrede van Versailles en die Duitse kolonies 23

2.2 Suidwes-Afrika as C-mandaat aan die Unie toegeken 30

2.3 Die soewereiniteitsvraagstuk 33

2.4 Toesighoudende liggame van die Volkebond 36

2.5 Beëindiging van die Suidwes-Afrika mandaat 39

3. IMPLEMENTERING VAN DIE MANDAATSTELSEL, 1919 - 1920 40

3.1 Tussentydse administratiewe reëlings 40

3.2 Besoeke van Lord Buxton en generaal Smuts 45

3.3 G.R. Hofmeyr as Administrateur aangestel 51

3.4 Die De Wet-kommissie 54

INHOUD (VERVOLG) BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 4. | DIE ADVIESRAAD IN AKSIE, 1920 - 1925 | 62 |
| 4.1 | Proklamasie 1 van 1921 | 62 |
| 4.2 | Benoeming van eerste lede | 64 |
| 4.3 | Die Adviesraad se eerste termyn, 1921 | 69 |
| 4.4 | Samestelling van Adviesrade, 1922 - 1925 | 78 |
| 4.5 | Voortgesette werksaamhede, 1922 - 1925 | 84 |
| 4.5.1 | Plaaslike bestuur | 84 |
| 4.5.2 | Kritiek teen die Adviesraad | 87 |
| 5. | DIE STREWE NA SELFBESTUUR | 93 |
| 5.1 | Die Resolusie van September 1921 | 94 |
| 5.2 | Die Resolusie van Desember 1922 | 98 |
| 5.3 | Generaal Hertzog se besoek, 1924 | 103 |
| 5.4 | Die Resolusie van Desember 1924 | 105 |
| 5.5 | Die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet, 1925 | 110 |
| 5.5.1 | Afvaardiging na generaal J.B.M. Hertzog | 110 |
| 5.5.2 | Die samestelling en funksies van die Adviesraad | 112 |
| 5.5.3 | Die samestelling en funksies van die Wetgewende Vergadering | 113 |
| 5.5.4 | Die samestelling en funksies van die Uitvoerende Komitee | 118 |
| 5.5.5 | Afbakening van kiesafdelings | 119 |
| 5.5.6 | Algemene reëlings | 120 |
| 5.5.7 | Reaksie op die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet | 121 |

6. POLITIEKE ORIëNTASIE ONDER DIE DUITSERS, 1919 - 1925 129

6.1 Die posisie van die Duitsers in 1919 129
6.2 Die stigting van die Südwest Vereeniging 133
6.3 Die naturalisasiekwessie 135
6.3.1 Verskillende gesigspunte 135
6.3.2 Onderhandelinge met die Volkebond 140
6.3.3 Die Adviesraadsresolusie van 12 Desember 1922 143
6.3.4 Onderhandelinge met die Duitse regering 149
6.3.5 Die Duitse deputasie 151
6.3.6 Die beslissende keuse 157
6.4 Stigting van die Deutscher Bund 162

7. DIE EERSTE VOLWAARDIGE VERKIESING IN SUIDWES-AFRIKA, 1926 165

7.1 Totstandkoming van politieke partye 165
7.1.1 Die Suidwesparty 166
7.1.2 Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika 168
7.1.3 Die Deutscher Bund 170
7.1.4 Die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie 172
7.1.5 Die Konstitusionele Party van Suidwes-Afrika 174
7.2 Die Verkiesingsveldtog 176
7.3 Kiesafdelings en nominasies 184
7.4 Die verkiesingsuitslag 189
7.5 Konstituering van die Wetgewende Vergadering 194

INHOUD (VERVOLG) BLADSY

8. SAMEVATTING EN EVALUERING 198

BRONNE 205

SYNOPSIS 224

# VOORWOORD.

Die Vrede van Korab van 9 Julie 1915 en die toekenning van Suidwes-Afrika as 'n klas C-mandaat aan die Unie van Suid-Afrika tydens die Paryse Vredeskonferensie, het verreikende gevolge ingehou vir die konstitusionele ontwikkeling van die gebied. Suidwes-Afrika is daardeur in die maalstroom van internasionale politiek betrek en sou 'n speelbal word tussen die Unie van Suid-Afrika en die res van die wêreldgemeenskap.

Sonder vrees vir teenspraak kan gekonstateer word dat 'n diepgaande wetenskaplike studie oor die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika in die jare 1919 - 1926, met gebruikmaking van die nuutste beskikbare argivale materiaal, nog nie die lig gesien het nie. Staatsleergeoriënteerde werke van persone soos byvoorbeeld P.S. van der Merwe, P.S. Joubert en J.W.F. Pretorius, verskaf slegs 'n oorsigtelike beeld van die konstitusionele ontwikkeling vanaf ongeveer 1915 tot 1960.

Ek het gepoog om in die onderhawige studie, deur die gebruikmaking van nuwe beskikbare argivale materiaal, die tydperk van 1919 tot 1926 in 'n nuwe historiese perspektief te plaas. Die sieninge, gevoelens, begeertes en motiewe van die Blanke Suidwesters betreffende die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika is in hierdie studie uitgelig. My studieterrein is gerig op die konsitusionele ontwikkelling van die Blankes, terwyl die aspirasies van die Nie-Blankes en 'n breedvoerige bespreking van die ontwikkeling van plaaslike bestuur doelbewus uitgelaat is, sodat die omvang van dié werk binne perke kon bly. Suid-Afrika se verhouding tot die Volkebond betreffende die uitoefening van die Mandaat, vorm eweneens nie deel van hierdie studie nie, aangesien dit op sigself deeglike navorsing verg.

My navorsing is hoofsaaklik in die Staatsargiefbewaarplek te Windhoek gedoen. Verder is inligting verkry in die Windhoekse Openbare Biblioteek en vanaf die Ferdinand Postma Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Ek wil graag my dank betuig aan die personeel van laasgenoemde biblioteek vir hulle flinke diens, veral betreffende inter-biblioteeklenings.

Die lêers van die Argief van die Sekretaris van die Protektoraat (ADM.), Argief van die Suidwes-Afrikaanse Administrasie (S.W.A.A.), Argief van die gekonfiskeerde dokumente (A.221), Argief van die Peter Müller aanwins (A.231) en Argief van die semi-offisiële en private dokumente van Administrateurs, Sekretarisse, Onder-Sekretarisse en klerklike personeel van die Administrasie van Suidwes-Afrika (A.312), het die basis gevorm van die dokumentestudie in die Windhoekse Argiefbewaarplek.

ŉ Groot leemte wat ondervind is, is dat die notules van die Adviesraadsvergaderings nie volledig in die lêers beskikbaar was nie. Ek moes gevolglik van alternatiewe bronne soos die plaaslike koerante en die jaarverslae van die Administrateurs gebruik maak, wat gewoonlik slegs in breë trekke daarna verwys het. Andersinds is ek egter dankbaar dat meer as genoeg inligting betreffende my studieterrein in die Windhoekse Argiefbewaarplek beskikbaar is.

Die benaminge "Adviserende Raad" en "Advisory Council" word deurgaans in die dokumente gebruik. Ek het na deeglike taalkundige oorweging besluit om liefs die benaming "Adviesraad" te gebruik.

Ek wil in besonder my studieleier, professor P.F. van der Schyff, bedank vir sy leiding. Sy insiggewende advies het my in staat gestel om gegewens vanuit 'n nuwe perspektief te benader.

Mej. A.C. Stern, assistent-direktrise van die Windhoekse Argiefbewaarplek, se raad en bystand tydens my navorsing was van onskatbare waarde. Sy het my op die spoor geplaas van die betrokke studie en haar besondere kennis van Suidwes-Afrika se geskiedenis is werklik uitmuntend. Die Windhoekse Argiefbewaarplek met sy uiters behulpsame personeel en die aangename atmosfeer wat daar heers, dien werklik as inspirasie vir die historiese navorser.

Ek wil ook 'n woord van dank rig aan meneer G.S. de Kock van die Geologiese Opname van die Departement Ekonomiese Sake vir die teken van die kaarte en grafieke wat in die werk vervat is. My dank gaan ook uit na meneer C.J. Schoeman wat op kort kennisgewing die taalkundige versorging van my verhandeling gedoen het. Die noukeurige en netjiese tikwerk van mevrou Evelien Oosthuizen het my taak heelwat vergemaklik en 'n besondere woord van dank kom haar toe.

Die finansiële bystand van die Administrasie vir Blankes het dit vir my moontlik gemaak om my studie tot hier toe te voltooi en ek is hulle daarvoor baie dank verskuldig.

My eggenote en familie se morele ondersteuning was 'n bron van inspirasie gedurende my studietydperk.

My grootste woord van dank gaan aan my Skepper, sonder wie niks moontlik is nie.

Windhoek.
Junie 1985.

## LYS VAN FOTO'S EN FIGURE

FOTO'S BLADSY


1. Administrateur E.H.L. Gorges: 1915 - 1920. 13
2. Generaal J.C. Smuts word op die Windhoekse stasie verwelkom, 1920. 47
3. Administrateur G.R. Hofmeyr: 1920 - 1926. 53
4. Die eerste siviele administratiewe personeel van Suidwes-Afrika: 17.11.1920. 77
5. Die Suidwesters neem afskeid van administrateur G.R. Hofmeyr: Windhoekse stasie, 1926. 125
6. Administrateur A.J. Werth: 1926 - 1933. 128
7. Die eerste Wetgewende Vergadering: 1926. 196


FIGURE


fig.1(a) Die verhouding van verskillende groepe persone wat teen die einde van 1919 gerepatrieer is met die verhouding tussen mans(m), vrouens(v) en kinders(k.). 131

fig.1(b) Die verhouding van mans: vrouens: kinders van die 6374 persone wat gerepatrieer is. 131

fig.2(a) Die verhouding van verskillende groepe persone wat teen Februarie 1921 toegelaat is om na Suidwes-Afrika terug te keer met die onderskeid tussen mans(m), vrouens(v) en kinders(k.). 134

fig.2(b) Die verhouding van mans: vrouens: kinders van die 32 persone wat toegelaat is om terug te keer. 134

fig.3 Die verhouding van die geregistreerde kiesers in die 12 kiesafdelings met onderverdeling tussen Duitse(D.) en Unieseksie(U.). 177

FIGURE (VERVOLG) DATUM

| | | |
|---|---|---|
| fig.4 | Die onderverdeling van die 6091 kiesers in die 18 distrikte na die eerste registrasie. | 185 |
| fig.5 | Die kiesafdelings in Suidwes-Afrika gedurende die 1926-verkiesing. | 187 |
| fig.6 | Die verhouding van stemme uitgebring teenoor die aantal geregistreerde kiesers asook die stempersentasie van elke kiesafdeling. | 191 |